VAN HUYSSTEENS ORATORSFEES 2019: NOORD-GAUTENG

REËLS

1. Algemeen

1.1 Besonderhede van die **Van Huyssteens Orators Fees** sal altyd beskikbaar wees op die webwerf. Volg die skakel: www.vanhuyssteens.co.za

1.2 Die Oratorsfees is slegs vir **onvoorbereide** toesprake.

1.3 **Gedurende die fees mag leerders aan 2 (twee) items deelneem op voorwaarde dat dit op 2 (twee) verskillende dae moet wees.**

1.4 Uitdunne moet by die skole gehou word.

1.5 **Onderhewig aan par 1.6 en 1.7 mag skole 2 (twee) spanne en 2 (twee) individue per graad en per taal (tweetalig ingesluit) inskryf.**

1.6 **Let wel: Afrikaanse skole mag slegs 1 (EEN) Engelse span per graad inskryf.**

1.7 **Let Wel: Engelse skole mag 2 (TWEE) Engelse spanne per graad inskryf onderhewig daaraan dat hulle vir daardie graad ook 1 (EEN) span vir die Tweetalige kategorie inskryf.**

1.8 Alle korrespondensie en inligting aangaande die Oratorsfees sal per e-pos versend word.

1.9 Alle leerders moet die reëls op die webwerf bestudeer.

1.10 Reëls aangaande die Oratorsfees is in die absolute en uitsluitlike diskresie van Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs.

1.11 Veranderinge tot die program, reëls ens. word slegs deur Van Huyssteens gedoen.

1.12 ’n Maksimum deelname van 20 (twintig) spanne en 30 (dertig) individue per graad en per taal.

1.13 Die eerste 3 (drie) spanne en 3 (drie) beste individue per graad en per taal (tweetalig ingesluit) sal uitgenooi word om aan die finaal deel te neem.

1.14 Aankondiging oor die finale deelnemers sal gedoen word na deelname en sal ook die volgende dag gepubliseer word op die firma se webwerf.

1.15 Alle punte voorheen toegeken val weg en leerders sal deelneem vir ’n eerste plek in die finaal.

1.16 **Inskrywings sluit op 1 Maart 2019.**

1.17 Skoolhoofde moet die skool inskrywing onderteken en onderneem dat die skool die Reëls van die kompetisie streng sal toepas. Die onderneming gaan verder waar onderneem word dat leerders en onderwysers bewus is van die feit dat daar diskwalifikasie kan wees indien daar nie by die reëls gehou word nie.

2. Datums en Plek

2.1 Die Oratorsfees **2019** word gehou te **Hoërskool Waterkloof** van **5 Maart tot 11 Maart 2019.** Die hele skool is beskikbaar ten einde te verseker dat leerders mekaar nie frustreer gedurende voorbereiding en aanbieding nie.

2.1.1 **Dinsdag 5 Maart 2019 – Engels;**

2.1.2 **Woensdag 6 Maart 2019 – Afrikaans;**

2.1.3 **Donderdag 7 Maart 2019 – Tweetalig;**

2.1.4 **Maandag 11 Maart 2019 – Die Finaal en Gala Aand.**

2.1.5 Die prysuitdeling sal gehou word na deelname die middag / aand, tydens die Gala geleentheid.

3. Tydskedules

3.1 Inskrywings kan gedoen word vanaf **Woensdag 9 Januarie 2019**.

3.2 Die kompetisie sal daagliks om **16:00 vir spanne** en **16:30 vir individue** begin en die oogmerk is om saans nie later as 21:15 af te sluit nie.

3.3 Voorbereidingstyd sal ‘n aanvang neem voor die begin van die program en is dit belangrik om by Hoërskool Waterkloof te wees **30 (dertig) min** voor die onderwerp getrek word.

3.4 **Voorbereidingstyd vir onvoorbereide toesprake:**

3.4.1 **1 (een) uur** vir **spanne**; en

3.4.2 **45 (vyf-en-veertig) min** vir **individue.**

3.5 **Neem kennis van die skedules** op die webwerf.

3.6 **NB –** Leerders sal onderwerpe ontvang soos per die tydskaal / skedule.

3.7 **Spanne** word nie toegelaat om vir **minder as 8 (agt) minute en langer as 11 (elf) minute** te praat nie. Indien die tyd oorskry word sal hulle gestop word.

3.8 **Individue** word nie toegelaat om vir **minder as 3 (drie) minute en langer as 5 (vyf) minute** te praat nie. Indien die tyd oorskry word sal hulle gestop word.

3.9 Die **Straf** vir toesprake in die individuele kategorie korter of meer as die minimum tyd is 10 (tien) punte per minuut of gedeelte daarvan en 50 (vyftig) punte per minuut of gedeelte daarvan vir spanne.

3.10 **NOTA:** Beoordelaars het slegs 1 (een) minuut vir finalisering van die punte behaal voor die volgende toespraak begin. Vir hierdie rede sal hulle streng hou by die maksimum tyd.

3.11 Sodra inskrywings ‘n aanvang neem op **9 Januarie 2019** moet skole die inskrywingsvorm wat die name van leerders bevat stuur aan Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs.

3.12 Skedulering van wanneer die span / individu deelneem sal gedoen word in die diskresie van die firma en gepubliseer word op die webwerf www.vanhuyssteens.co.za.

3.13 **Onderwerpe sal getrek word te Hoërskool Waterkloof se Kultuur Sentrum soos per die skedule.**

3.14 **NOTA –** Indien ‘n leerder, wie ‘n onderwerp ontvang het, meer as een minuut laat opdaag by die klaskamer waar hy / sy die toespraak moet lewer, mag hy / sy gediskwalifiseer word. Ons beveel aan dat die klaskamer waar deelname plaasvind eers geïdentifiseer word alvorens die onderwerp getrek word by Hoërskool Waterkloof se Kultuur Sentrum. Dit sal verseker dat daar meer tyd sal wees vir voorbereiding.

3.15 **Tydsaanduiding**

Die beoordelaar sal kaarte omhoog hou ten einde die tyd aan te dui:

3.15.1 **Groenkaart – Minimum tyd verstreke.**

3.15.2 **Geelkaart – 1 (een) Minuut oor.**

3.15.3 **Rooikaart – tyd is verstreke, stop onmiddellik.**

4. Gebruik van hulpbronne

4.1 **Leerders word toegelaat om hulpbronne van eie keuse te gebruik**. Hierdie hulpbronne sluit in: boeke, koerante, IPad's, Blackberry's, skootrekenaars met Internet toegang ens.

4.2 Die Hoërskool Waterkloof se IT Sentrums is ook beskikbaar maar eie hulpbronne is verkieslik.

4.3 Slegs toesprake word toegelaat en geen ander hulpmiddele (oorhoofse projektor, plakkate, ens) mag tydens die toespraak gebruik word nie. Sleutel woordkaarte kan wel gebruik word en mag nie groter as 'n A5 bladsy wees nie.

4.4 **Geen** vooraf uitgewerkte materiaal bv. Ou toesprake mag gebruik word tydens die voorbereidingsproses nie, indien 'n ou toespraak by 'n spreker gevind word sal hy / sy onmiddellik gediskwalifiseer word.

4.5 Geen hulp deur derde partye (ouers, opvoeders, ens.) sal toegelaat word nie. Nieteenstaande voormelde reël sal Graad 8 leerders (individue en spanne) toegelaat word om **een** senior leerder van dieselfde skool aan te wys om hulp te verleen tydens die voorbereidingsproses. Die besonderhede van sodanige senior leerder moet ingesluit word in die inskrywingsvorm vir die Graad 8 leerder (s). Die senior leerder kan slegs behulpsaam wees met die navorsing, voorbereiding, afrigting ens, en kan nie 'n spreker wees.

4.6 Sou 'n lid van Van Huyssteens enige span of individu opmerk of uitvang wie hulp ontvang van 'n derde party (ouers, onderwysers, ander leerders, ens.) **sal die hele skool gediskwalifiseer word** van deelname. Enige span of individue wie nie die reëls gehoorsaam nie, sal gediskwalifiseer word.

5. Reëls vir onvoorbereide toesprake – Spanne en Individue

5.1 Onttrekkings moet gedoen word 24 (vier-en-twintig) uur voor die begin van 'n sessie.

5.2 Toesprake moet oorredend en beredeneerd wees.

5.3 Ten minste twee tot drie beredeneerde stellings moet gemaak word.

5.4 Behoorlike opening en afsluiting is belangrik.

5.5 Struktureer toesprake en maak gebruik van behoorlike navorsingsmateriaal.

5.6 Die doelwit van die Oratorsfees is, navorsing en inligting versameling binne 'n beperkte tyd en dan die kommunikasie daarvan op 'n oortuigende wyse.

5.7 Feite nagevors moet behoorlik deur die leerder of span georganiseer word en in 'n goed gestruktureerde toespraak uiteengesit word.

5.8 Behalwe voormelde is ‘n verdere doel van die Oratorsfees dat die leerder oor tyd / jare tot so ‘n mate ontwikkel dat hy / sy behoorlik en met selfvertroue homself / haarself in die openbaar kan uitdruk.

5.9 Ons kan verstaan dat onderwysers, leerders en ouers kompeterend kan wees - hou dit skoon – hierdie bly net ‘n kompetisie.

5.10 Onderwerpe word in koeverte geplaas, deelnemers trek een papier waarop 3 (drie) onderwerpe sal voorkom.

5.11 Die naam / name van deelnemers, skool, graad, taal van deelname, kategorie, e-pos adres en selfoon nommer moet daarop ingevul word..

5.12 Die leerders verlaat dan die vertrek waar die onderwerpe getrek word en begin dadelik met voorbereiding.

5.13 Die keuse van onderwerp word gemerk en aan die beoordelaars oorhandig

5.14 **Die onderwerpe is ‘n mengsel of kombinasie van:**

5.14.1 Filosofies;

5.14.2 Kontemporêre of hedendaagse nuusgebeure of belang;

5.14.3 Nuus van die dag.

5.15 Onderwerpe is in die diskresie van, Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs en die beoordelaarskoördineerder.

5.16 Leerders moet voorsiening maak vir eie papier, sleutelkaarte, penne, potlode ens.

5.17 Onderwerpe moet geadresseer word op beredeneerde wyse, gebaseer op ja of nee, waar of vals.

5.18 Leerders wie nie die gekose onderwerp adresseer, sal gepenaliseer word.

5.19 Moenie taal meng nie, hou by Afrikaans of Engels. Hierdie reël geld ook vir tweetalige toesprake. Ter verduideliking – In die geval van ‘n Afrikaanse toespraak, moenie ‘n paar Engelse woorde gebruik net omdat dit “**cool**” is nie, en andersom. Moenie swak spreektaal (“slang”) of gebroke taal gebruik nie.

5.20 Nieteenstaande voormelde, is dit aanvaarbaar om wanneer ‘n aanhaling gemaak word dit in die oorspronklike taal en konteks te gebruik – moenie dit vertaal nie.

5.21 Die gebruik van aanhalings deur derde partye (leiers van industrie, akademici, filosowe ens.) is noodsaaklik en moet gebruik word (nie te veel en maksimum 2 – 3).

5.22 Leerders se eie opinie en denke is van kardinale belang.

5.23 Die bronne wat aangehaal word is net so belangrik soos die aanhaling self.

5.24 Op die onderwerp vorm wat by die beoordelaars ingehandig word (op die dag van deelname by die betrokke lokaal) word leerders **VERPLIG** om die bronne wat gebruik word vir aanhalings en / of inligting deur te gee aan die beoordelaars. Sou dit aan die lig kom dat daar valse of fiktiewe bronne aangehaal word, sal die leerder (s) gediskwalifiseer word.

5.25 Afgesien van bogemelde en verdere inligting wat vereis word (bv. naam van leerder, skool, graad en onderwerp keuse), moet leerders ook hulle selfoon nommers en e-pos adresse op die vorm verskaf ten einde organiseerders in staat te stel om leerders te kontak indien hulle kwalifiseer vir die finaal.

6. Reëls vir tweetalige toesprake

6.1 Leerders moet ‘n balans handhaaf tussen die gebruik van Engels en Afrikaans. Gelyke hoeveelheid tyd moet toegeken word in die gebruik van beide tale.

6.2 Beoordelaars sal nie puntenerig wees nie, maar regverdig.

6.3 Leerders sal gepenaliseer word indien daar nie ‘n balans gehou word tussen Afrikaans en Engels nie. Sodanige penalisering is in die diskresie van die beoordelaars en mag tot 10 (tien) punte wees in die individuele afdeling en 50 (vyftig) punte in die spanafdeling.

6.4 In spandeelname mag daar 2 (twee) leerders Engels en 2 (twee) leerders Afrikaans wees, of almal van hulle mag gedeeltelik Engels en gedeeltelik Afrikaans gebruik - solank ‘n balans gehandhaaf word.

7. Span afdelings

7.1 ‘n Span moet bestaan uit 4 (vier) spanlede wie logies ‘n onderwerp ontwikkel.

7.2 Al vier lede van die span moet aan die toesprake deelneem. Daar is egter nie ‘n tydsbeperking op hoe lank elkeen moet praat nie.

7.3 Die gegewe onderwerp moet deurgaans in gedagte gehou word.

7.4 Die struktuur is in die diskresie van die span wie eie inisiatief kan volg. Hierdie struktuur kan uiteraard vooraf behoorlik ingeoefen word.

7.5 ‘n Goeie voorbeeld vir die jonger deelnemers is as volg;

7.5.1 Voorsitter: Kondig die onderwerp aan, stel die ander spanlede voor, funksioneer as die skakel tussen elke spreker en aan die einde, som hy / sy alles op;

7.5.2 Eerste spreker: Praat oor een aspek van die onderwerp;

7.5.3 Tweede spreker: Brei uit oor bogenoemde of bespreek ‘n ander aspek;

7.5.4 Derde spreker: Benader ‘n ander aspek of brei uit op die hooftema.

7.6 Die span moet poog om ‘n tema te ontwikkel en moenie bloot inligting weergee nie.

7.7 Let op die balans tussen die gee van inligting en beredenering.

7.8 Punte sal afgetrek word indien die ondwerwerp nie beredeneerd en oortuigend is nie.

7.9 Elke span moet die volgende inligting op die onderwerp papier aan die beoordelaar verskaf:

7.9.1 Naam van skool;

7.9.2 Tema / Onderwerp;

7.9.3 Graad;

7.9.4 Individu / Span;

7.9.5 Taal van deelname;

7.9.6 Name van die spanlede in volgorde van deelname.;

7.9.7 Bronne (verwys na par 5.23).

8. Beoordeling

8.1 Die uitslae van die beoordelaars is finaal en geen bespreking daarvan word toegelaat.

8.2 Deelnemers / familielede / afrigters / opvoeders mag nie op enige manier met die beoordelaars kommunikeer voor, gedurende of direk na die beoordeling nie.

8.3 Sou deelnemers tydsbeperkings oorskry sal hulle gestop word en beoordeel word op dit wat tot op daardie stadium beredeneerd was.

8.4 Beoordelaars sal nie persentasies of puntestate bekend maak, of algemene terugvoer gee nie.

8.5 In die finaal sal persentasies gebruik word (let wel nie bekend gemaak word nie) om die rangorde vas te stel (1ste, 2de en 3de) ten einde die drie span wenners en drie individuele wenners aan te kondig.

8.6 Beoordelaars sal verplig wees om alle puntestate by te hou en in te dien by die Van Huyssteens toonbank te Hoërskool Waterkloof se Kultuur Sentrum.

8.7 Beoordelaars sal geen puntestate aan leerders of derde partye gee nie.

8.8 Beoordelaars sal Van Huyssteens in kennis stel te Hoërskool Waterkloof se Kultuur Sentrum welke leerders (spanne en individue) die 3 (drie) deelnemers / wenners sal wees vir die finaal.

8.9 Beoordelaars sal hul gedagtes belyn alvorens beoordeling sal geskied.

8.10 Let daarop dat nieteenstaande die feit dat een beoordelaar ’n hoër punt mag beoordeel as ‘n ander, eenvormigheid die grootste faktor is wat in gedagte gehou moet word.

8.11 Hoërskool Waterkloof sal leerders van die skool beskikbaar stel om beoordelaars by te staan.

8.12 Die simbole wat toegeken word sal nie verskyn in die puntestate nie.

9. Sertifikate

9.1 Deelnemers moet na deelname hul sertifikate afhaal by die Hoërskool Waterkloof Kultuur Sentrum.

9.2 **Geen** sertifikate sal uitgereik / oorhandig word andersins as op die dag van deelname nie.

9.3 Die naam en graad van die leerder sal op die sertifikate verskyn maar nie simbole nie.

10. Finaal

10.1 Die top 3 (drie) spanne en 3 (drie) individuele sprekers per graad en per taal (tweetalig ingesluit) sal aan die finaal deelneem.

10.2 Die finaliste sal gefinaliseer word elke aand na afloop van die kompetisie. Alhoewel wenners bekend gemaak word, sal die programme sal eers beskikbaar wees om 13:00 op die dag van die finaal. Hierdie is weens leerders wie deelneem in veelvuldige kategorieë. Alle wenners moet by Hoërskool Waterkloof aanmeld om 14:30 op die dag van die finaal.

10.3 Skole sal die volgende oggend na deelname per e-pos in kennis gestel word van die 3 (drie) wenspanne en individuele wenners per graad en per taal. Die finaliste sal ook die volgende dag aangekondig word by wyse van publikasie op die webwerf van die firma.

10.4 Opvoeders / ouers / leerders moet daarop let dat hoë simbole ′n plek in die finaal mag beteken – moenie ander afsprake maak vir die aand van die finaal nie.

10.5 Vorige punte toegeken val weg en deelnemers sal van vooraf deelneem vir ‘n eerste plek.

10.6 Reëls asook tydsbepalings van toesprake bly dieselfde.

10.7 Slegs die wenspan of individu per taal (tweetalig ingesluit) en per graad sal aangekondig word en trofeë ontvang tydens die Gala aand.

11. Gala aand

11.1 Die aand van die finaal sal daar ook ‘n gala geleentheid wees (Maandag aand, **11 Maart 2019** te **Hoërskool Waterkloof Skoolsaal**). Hierdie is die prestige geleentheid van die Oratorsfees.

11.2 Dit sal aangekondig word welke finaliste (slegs 3) sal optree met die die prysuitdeling tydens die gala aand. Hulle sal optree voor die gehoor en sal beoordeel word deur ‘n paneel van 5 (vyf) beoordelaars. Die program bevat meer besonderhede.

11.3 Deelnemers tydens die Gala aand in die saal sal weer 3 (drie) onderwerpe trek soos per die gewone reëls. Hierdie trekking sal geskied om 17:15 en moet die spanne om 19:15 by die saal wees (al neem hulle nie sitplek in nie) aangesien die program kan vervroeg. Die deelnemers het dus ′n minimum van 2 (twee) ure vir voorbereiding. Dit is net billik om die spanne dan ad hoc te roep en nie vooraf aan te kondig welke span wanneer in die program deelneem nie.

11.4 Alle ouers, onderwysers, beoordelaars, vriende en leerders is welkom om die Gala aand by te woon.